ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Privaatsak X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Faks: 011 262 2656

8 Augustus 2012

Die Beleggers
Highveld Syndication No.'s 15 tot 22 Beperk

Geagte Meneer/Me.

Daar was verskeie navrae oor die opbrengs van die verkoop van Southdale, 'n bate van Highveld Syndication 17 Beperk wat deel gevorm het van Orthotouch se bates ingevolge die Ondernemingreddingsplan.

Orthotouch het die afgelope paar maande sedert die aanvaarding van die Ondernemingreddingsplan op Zephan Properties (Edms) Bpk staatgemaak vir befondsing om sy maandelikse verpligtinge te kan nakom.

Die opbrengs van die Southdale-verkoopstransaksie is gebruik om verwante kostes en uitgawes te betaal, en die oorblywende saldo is beskikbaar gestel aan finansiële instellings om, onder meer, finansiële reëlings aangaande 'n paar entiteite, insluitende Orthotouch, te herstruktureer. Besonderhede sal in die loop van sake in die finansiële state weerspieël word. Dit sal onder meer lei tot die inbring van meer volhoubare eiendomme om die Orthotouch-sakeplan te versterk, en om verdere befondsing en waarde tot voordeel van Orthotouch en die beleggers te ontsluit. Dit sal Orthotouch help om sy verpligtinge na te kom in die toekoms en om toe te neem in waarde. Ander entiteite is betrokke by die besonderhede van hierdie proses en vertroulikheid is belangrik.

Hierdie proses word tans gefinaliseer. Beleggers sal so gou moontlik – maar beslis voor die einde van die maand – alle rente wat tot op datum betaalbaar is, ontvang.

Ons is vol vertroue dat rentebetalings danksy die herstrukturering daarna betyds gedoen sal word, teen die 7de van elke maand.

Dankie vir u geduld.

Die uwe
ORTHOTOUCH BEPERK

NIC GEORGIOU
Besturende Direkteur
(Elektronies gestuur en daarom nie onderteken nie)